
# DIE STUDIE VAN ROTSKUNS IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

J. Loubser

Argeoloë en volkekundiges wêreldwyd begin al hoe meer die belangrikheid van Suid-Afrikaanse rotsskilderye besef. Die rede vir hierdie nuwe belangstelling lê beide in die hoë gehalte van ons rotsskilderye en in die feit dat Boesmans (San) van die vorige eeu eerstehandse inligting aan Blankes verskaf het ten opsigte van hulle kuns. Die reisiger J.M. Orpen het byvoorbeeld in 1874 oor die San-kunstenaars geskryf wat hy in die rotsskuilings van Lesotho gesien verf het.

Dit is vandag algemeen bekend dat die sandsteen-oorhange in die Oos-Vrystaat ryk is aan rotsskilderye. Ongelukkig is 'n deurgaande studie van die kuns lank agterweë. Die Nasionale Museum het dus besluit om hierdie studieterrein te betree. 'n Studie van rotsskilderye is veral noodsaaklik aangesien die skilderye vinnig aan die vergaan is. Die ergste bedreiging is vandalisme. Oningeligte persone krap, verwyder en vernietig die kuns op verskeie maniere. Daar is byvoorbeeld 'n neiging om die skilderye met



water te bespuit om die kleure duideliker te maak. Navorsing het egter getoon dat hierdie tegniek die verf op die rots ernstig beskadig.

Enige vorm van beskadiging is strafbaar volgens die wet. Soos in die verlede, doen ons weer eens 'n beroep op plaaseienaars om toe te sien dat rotstekeninge nie natgemaak of bekrap word nie.

**Die Museum sal dit ook op prys stel indien eienaars die voorkoms van tekeninge op hul eiendomme sal aanmeld.**

